# GKSA NUUSBROKKIES

## Sondag 22 Augustus 2021

### LIEF EN LEED

**Beterskapwense**

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

**Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore en eggenotes met hul verjaardae**

| | |
|---|---|
| 20 Augustus | Ds FR Pretorius (Franscois) – GK Phalaborwa |
| 21 Augustus | Ds MP Modise (Paul) – GK Kagiso |
| 23 Augustus | Mev M van der Schyff (Marthie), eggenote van ds JL van der Schyff (Jannie) – GK Welkom |
| | Mev L Coetsee (Lulu), eggenote van prof AJ Coetsee (Albert) – TSP |
| | Mev A Linde (Arina), eggenote van ds SJL Linde (Lohan) – GK Pretoria-Wonderboom-Suid |
| 24 Augustus | Ds AP Kruger (Abraham) – GK Wolmaransstad |
| | Mev CL Pretorius (Cynthia), eggenote van dr J Pretorius (Jacob) – GK Linden |
| | Mev E Venter (Erika), eggenote van ds GJ Venter (Jonker) – GK Totiusdal |
| 25 Augustus | Dr ALA Buys (Wikus) – GK Innesdal |

**Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae**

| | |
|---|---|
| 21 Augustus | Mev SMM Jordaan (Santie), eggenote van ds JH Jordaan (Johan) – GK Vereeniging |
| 22 Augustus | Mev CC Venter (Corrie), weduwee van ds HJ Venter (Herman) – GK Pongola |
| | Dr RM Britz (Dolf) – GK Bloemburg |
| 23 Augustus | Dr DG Breed (Douw) – GK Waterkloofrand |
| | Mev ME van der Merwe (Maria), weduwee van ds GM Vogel (Gert) – Vereeniging |

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

## Doodsberig

**Ds Ben van der Walt** (emerituspredikant van GK Centurion), is op 16 Augustus 2021 oorlede. Ds Van der Walt was die predikant van GK Keetmanshoop 1963-1969, GK Vryburg 1969-1977, Kapelaan GK Voortrekkerhoogte 1977-1995 en GK Voortrekkerhoogte 1995-1997.

## KERKLIKE ADMINISTRASIE

**Die volgende onderhoud van die redakteur van *Die Kerkblad* op Pta FM word weer op 22 AUGUSTUS 2021 om 07:45 uitgesaai. Luisteraars kan inskakel op 104.2/106.6 MHz of TV oudiokanaal 887.**

### BEROEPBAARSTELLING – DS. JACO CRONJE

Klassis Burgersdorp het op sy vergadering van 12 Augustus 2021 met advies van die Deputate van die Suidelike Streeksinode besluit om ds. Jaco Cronje, predikant van GK Aliwal-Noord, kragtens KO, Artikel 11 in die GKSA beroepbaar te stel vir ‘n tydperk wat op 31 Januarie 2022 eindig.

Klassis Burgersdorp het deeglik kennis geneem van die uitsonderlike situasie wat in hierdie tyd gelei het tot die beroepbaarstelling van ds. Cronje. Die Klassis erken dat die finansiële situasie van GK Aliwal-Noord sodanig versleg het dat sy beroepbaarstelling onafwendbaar geword het. Die Klassis is egter dankbaar dat daar ‘n baie mooi verhouding tussen ds. Cronje en die gemeente bestaan.

Die Klassis besluit dat GK Kerk Aliwal-Noord korrespondensie in die kerkverband uitstuur om hulp te vra en sodoende sorg te dra dat ds. Cronje vir die hele tydperk van die beroepbaarstelling steeds eerbaar versorg kan word.

Die Klassis dra vir ds. Cronje en sy huisgesin aan die Here se genadetroon op en bid hulle die Here se liefdevolle nabyheid toe in hierdie tyd met die afwagting van ‘n beroep.

In opdrag van Klassis Burgersdorp
Ds. RA Bain Ds. IJ van der Westhuizen

## Beroepe ontvang

- Ds J Cronje (Jaco) van GK Aliwal-Noord na GK Kroonstad

# Proponent beroepbaar gestel

**Proponent MD Letebele (David en Emily)**
Selnommer: 079 064 4754 of 073 558 5533
E-pos: seramelетebele@gmail.com

## Emeritering

**Ds Arie Stavast**,
van GK Pretoria/Kroonstad,
emeriteer 31 Augustus 2021.

## INBETALING VAN DONASIES
## DIE KERKBLAD

Bank Absa
Takkode 632 005
Rekeningnaam Administratiewe Buro GKSA
Rekeningnommer 670 140 040
**Verwysing** **Donasie Kerkblad**

**Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2021 – 30 Junie 2022):**




- Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – **R323**
- Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – **R465**
- Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – **R437**
- Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – **R135**

**Intekening moet skriftelik gekanselleer word**

## 'n Wegbreek- en groeigeleentheid vir jongwerkendes en senior studente

Datum: 23-26 September
Plek: Bergventure in die Dragensberge
Koste: R 1000.00 pp. (sluit verblyf en etes in)

Volg die aangehegde skakel om in te skryf.

Vir meer inligting stuur n e-pos na - wwesskamp@gkbrooklyn.org.za

# GEREFORMEERDE PUBLIKASIES
# (Calvyn Jubileumboekefonds = CJBF)

**Bestel by: Administratiewe Buro**
E-pos: bestellings@gksa.co.za Tel: 018 297 3986




**Prys R95.00 (verpakking en posgeld uitgesluit)**

↔







←

**Prys R25.00 (verpakking en posgeld uitgesluit)**

→

**Prys R15.00 (verpakking en posgeld uitgesluit)**

**Die Julie/Augustus 2021-Uitgawe van Die Gereformeerde Vroueblad is nou slegs digitaal beskikbaar by [www.gkvroueblad.co.za](http://www.gkvroueblad.co.za)**

**'n Paar reëlings rondom intekening wat verander het:**

- Intekenaars teken nie meer deur die Buro in nie en daar sal ook nie rekeninge vir die nuwe boekjaar uitgestuur word nie;
- Daar word ook nie meer 'n PDF-formaat deur Die Buro uitgestuur nie.

**MAAR ons blad se inhoud het nie verander nie.**

**Intekening is nou maklik, vinnig en veilig:**

- Gaan na [www.gkvroueblad.co.za](http://www.gkvroueblad.co.za) en kliek op INTEKENAARS.
- Volg die instruksies soos by enige aanlynwinkel – BAIE BELANGRIK: jy moet registreer met jou epos-adres en vir jou 'n unieke wagwoord kies – dit stel jou in staat om, nadat jy jou intekengeld betaal het, vir 1 jaar elke tweede maand of vir 'n halfjaar elke tweede maand jou nuwe Vroueblad af te laai en te lees.
- Maak jou keuse & betaal onmiddellik deur *PayFast (*veilig en vinnig met jou Debiet of Kredietkaart):
- 1 Jaar: R100
- 6 Maande: R63
- Enkeltydskrif: R25
- Fondse word, soos altyd, direk in ons bankrekening by Die Administratiewe Buro inbetaal.
- Ons sal jou altyd deur KERKNUUS (soos weekliks aan die Gereformeerde gemeentes versprei word deur Dr. Wymie du Plessis); en ons *Facebookblad* in kennis stel wanneer die jongste uitgawe van Die Gereformeerde Vroueblad vrygestel is sodat jy dit kan gaan aflaai in ons leeskamer – natuurlik met toegang van jou Gebruikersnaam (e-pos) en jou wagwoord wat jy gekies het toe jy geregistreer het.
- Deel asseblief ons webwerf se adres met Afrikaanssprekende mense oorsee, want hulle kan ook nou maklik inteken en lees.
- Mag die lees van Die Gereformeerde Vroueblad jou steeds verryk en versterk.

**Hartlike Groete**
**Die Redaksie**

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Sonder geloof is dit onmoontlik om God
te behaag; want wie tot God nader,
moet glo dat Hy bestaan, en dat Hy dié
beloon wat Hom soek.

*Hebreërs 11:6*